

22 Februarie

Skrifgedeelte: Galasiërs 6:1-10

Fokusgedeelte: Galasiërs 6:9

Moenie moeg word om goed te doen nie

Ons leef in 'n wêreld waar gewedywer word om die beste, die rykste, die magtigste te wees. Daar is 'n gesindheid van "ek het niemand nodig nie". Selfs "gelowiges is besig om mekaar te byt en te verskeur" (5:15), sê Paulus. 'n Geesvervulde gelowige tree anders op. Hy wys nie in hoogmoed foute uit nie en hy veroordeel nie. Inteendeel, hy help 'n medegelowige wat in sonde geval het op 'n nederige en sagmoedige wyse om die sondige pad te verlaat.

Wanneer iemand in sonde val, is ons opdrag om so 'n persoon reg te help. Iemand wat val, is op die grond. Reghelp beteken om hom te help om weer op sy voete te kom. Om hom op te tel. Moenie in hoogmoed neerkyk en verbystap nie. Buk af en tel op in 'n gees van sagmoedigheid. Wie die genade van God in Jesus Christus vir elkeen van ons verstaan, sal nie iemand anders met arrogansie, trots of hoogmoed benader nie.

Wanneer ons egter iemand opgehelp het, moet ons hom nie los en wegloop nie. Hou hom regop. Help dat die bene weer sterker word. Help die las dra. Jy wat sterk in die geloof is, moet dus bereid wees om onder die las van die swakkes in te buk en dit te help dra. Ons bely elke Sondag dat ons in Christus ook opgetel is en dat ons deur die werking van die Heilige Gees opgehou word. Net genade.

Terwyl ek dan besig is om hierdie persoon op te hou en sy las te help dra, is ek ook besig om hom op te bou. Hy moet weer op sy eie die stryd van die lewe kan aanpak. Daarom is dit belangrik om hom op te bou, toe te rus, sodat hy dalk nie weer vir dieselfde rede val nie.

Die Bybel is die enigste maatstaf waaraan ons ander mense se optrede beoordeel. En dan is die doel om iemand wat nie aan hierdie standaardte voldoen nie, reg te help om daaraan te voldoen. Moenie moeg word om goed te doen nie.

Sing: Skrifberyming 9-4:5, 6

Dr. TC de Klerk (Okahandja)